**Possible Answers March 2006**

## Globale assessering van opstelle

Die opstelle sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die opvoeder die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele te merk. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitlike bewyse om 'n argument te ondersteun. Van die leerder sal nie verwag word om slegs "feite" uit te spoeg om sodoende 'n hoë punt te behaal nie. Dit sal leerders ook ontmoedig om "modelantwoorde" voor te berei en dit dan te reproduseer, sonder inagneming van die spesifieke vereistes van die vraag. Die holistiese nasien van opstelle gee krediet vir leerders se mening. Holistiese assessering, anders as inhoudgebaseerde nasien, penaliseer nie taalontoereikendhede nie, aangesien die klem op die volgende val:

- die bespreking/verklaring;
- die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om so 'n bespreking/verklaring te ondersteun.

## Assesseringsprosedures van 'n opstel

1. Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2. Met die eerste deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir
   'n relevante inleiding (in riglyne vir nasien/ memorandum aangedui met 'n 'bullet')
   vir elke hoofmoment (in riglyne vir nasien memorandum aangedui met 'n 'bullet')
   'n relevante slotopmerking (in riglyne vir nasien memorandum aangedui met 'n 'bullet')
   bv. in 'n antwoord met 5 hoofmomente sal daar 7 regmerkies wees.

Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie — ^
- verkeerde stelling — ______
- irrelevante stelling — ¦

- herhaling R
- analiseer A√
- interpretasie I√

Met die eerste deurlees van die opstel word daar ook bepaal in watter mate die hoofmomente gedek is en die inhoudsvlak (op die matriks) word toegeken.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 3 | |
| | | |

Die tweede deurlees van 'n opstel sal die vlak (op die matriks) van die aanbieding.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 3 | |
| A | VLAK 1 | |

6. Ken 'n finale simbool en punt met behulp van die matriks toe.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 3 | B+ |
| A | VLAK 1 | 39 |

**Die matriks**

Die kriteria waarvolgens die opstel geassesseer sal word, is m.b.v. 'n matriks georden en die matriks sal gebruik word vir die toekenning van 'n simbool aan 'n opstel. Beide die inhouds- en aanbiedingsasse is in sewe vaardigheidsvlakke verdeel. Elke vlak met sy kriteria wat gebruik sal word om 'n opstel te assesseer.

<table>
<tr><th>AANBIEDING<br><br>INHOUD</th><th>VLAK 1<br>Het ge-analiseer en historiese verklarings gemaak.<br>Goed beplande en gestruktu-reerde opstel.</th><th>VLAK 2<br>Het ge-analiseer en historiese verklarings gemaak.<br>Goed beplande en gestruktu-reerde opstel.</th><th>VLAK 3<br>Poog om te analiseer en historiese verklarings toe te pas.<br>Goed beplande en gestruktu-reerde opstel.</th><th>VLAK 4<br>Poog om te analiseer en historiese verklarings toe te pas.<br>Opstel in 'n sekere mate beplan en gestruktureerd.</th><th>VLAK 5<br>Analise en historiese verklarings in 'n sekere mate toegepas.<br>Poging tot strukturering.</th><th>VLAK 6<br>Analise en historiese verklarings soms of glad nie gemaak nie.<br>Geen duidelike struktuur nie.</th><th>VLAK 7<br>Geen analises en historiese verklarings nie.<br>Geen struktuur nie.<br>Onlogies (tot 'n sekere mate).</th></tr>
<tr><td>VLAK 1<br>Vraag is ten volle beantwoord.<br>Inhoudseleksie is ten volle relevant tot gedagterigting wat gevolg is.</td><td>A+<br>47 - 50</td><td>A<br>43 - 46</td><td>A-<br>40 - 42</td><td></td><td></td><td colspan="2" rowspan="2">A: 120 – 150<br>B: 105 – 119<br>C: 90 – 104<br>D: 75 – 89<br>E: 60 – 74<br>F: 50 – 59<br>FF: 45 – 49<br>G: 38 – 44<br>GG: 30 – 37<br>H: 0 – 29</td></tr>
<tr><td>VLAK 2<br>Vraag is beant-woord.<br>Inhoudseleksie is relevant.</td><td>A<br>43 – 46</td><td>A-<br>40 – 42</td><td>B+<br>38 – 39</td><td></td><td></td></tr>
<tr><td>VLAK 3<br>Vraag tot 'n groot mate beantwoord.<br>Inhoud voldoende gedek en relevant.</td><td>B+<br>38 – 39</td><td>B<br>36 – 37</td><td>B-<br>35</td><td>C+<br>33 – 34</td><td></td><td></td><td></td></tr>
<tr><td>VLAK 4<br>Gestelde vraag is herkenbaar in antwoord.<br>Effens onvoltooid en meestal relevant.</td><td></td><td></td><td>C+<br>33 – 34</td><td>C<br>31 – 32</td><td>D+<br>28 – 29</td><td></td><td></td></tr>
<tr><td>VLAK 5<br>Feite hou verband met die vraag, maar beantwoord dit nie.<br>Gebreke t.o.v. omvang (soms irrelevanthede).</td><td></td><td></td><td></td><td>C-<br>30</td><td>D<br>26 – 27</td><td>E+<br>23 – 24</td><td></td></tr>
<tr><td>VLAK 6<br>Feite hou verband met die vraag, maar beantwoord dit nie.<br>Inhoud skraal (soms irrelevanthede).</td><td></td><td></td><td></td><td></td><td>D-<br>25</td><td>E<br>21 – 22</td><td>E-<br>20</td></tr>
<tr><td>VLAK 7<br>Vraag ontoereikend of glad nie beantwoord nie.<br>Inhoud skraal of ontoereikend.<br>Grootliks/ heel-temal irrelevant</td><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td><td>E-<br>20</td><td>F 13 – 19<br>G 07 – 12<br>H 00 – 06</td></tr>
</table>

**AFDELING A: OPSTELVRAE**

- **NASIENERS MOET DAAROP LET DAT DIE INHOUD VAN DIE ANTWOORD GELEI SAL WORD DEUR DIE HANDBOEKE WAT BY 'N SPESIFIEKE SENTRUM IN GEBRUIK IS.**

- **KANDIDATE MAG ENIGE ANDER TOEPASLIKE INLEIDING OF SAMEVATTING Hê AS DIT WAT INGESLUIT IS BY 'N RIGLYN VIR NASIEN VAN 'N SPESIFIEKE OPSTEL.**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 1: AFRIKA IN DIE TWINTIGSTE EEU

### VRAAG 1A

Beskryf die rol van Afrika-nasionalisme as 'n belangrike faktor in die proses van dekolonisasie in Afrika.

SINOPSIS

Kandidate moet toon hoe Afrika-nasionalisme bygedra het tot die proses van dekolonisasie.

*NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag se vereistes te voldoen en die gegewe gedagterigting te volg. Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.*

HOOFASPEKTE

- Inleiding: Moet 'n kort bespreking gee van wat Afrika-nasionalisme is en dit kontekstualiseer deur te verwys na die veranderinge wat die Tweede Wêreldoorlog teweeg gebring het.
  Enige ander relevante inleiding

  UITBREIDING

  **Afrika-nasionalisme:**
- Opkoms van 'n meer radikale Afrika-nasioanlisme
  (bv.: Pan-Afrika-beweging wat gedurende oorlogsjare momentum opgebou het. Manchester Konferensie 1945. Bandung Konferensie 1955, opkoms van massabewegings (partye) in sommige Afrika-lande)

- Verstedeliking/ Opkoms van 'n meer radikale werkersklas
  (bv.: Respons op oorlogservarings; verstedeliking, industrialisasie gee aanleiding tot stakings in die meeste stedelike sentra in Afrika, jeug daag in besonder die stadige pas van verandering uit, 'Samewerking' van middelklas Afrikane met koloniale magte)

- Ontplooiing van Onderwys (gekombineer met groeiende bewustheid van 'Westerse' konsepte van vryheid, demokrasie. Middelklas Afrikane gretig om politieke verandering teweeg te bring)

- Samevatting: Kandidate moet die gedagterigting saamvat deur aan te dui hoe die verskillende faktore tot die proses van dekolonisasie bygedra het. **[50]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 1B

Bespreek die politieke, ekonomiese en maatskaplike uitdagings wat die Afrika-state na onafhanklikheid in die gesig gestaar het.

SINOPSIS

Kandidate moet al drie faktore d.i. politieke, ekonomiese en maatskaplike wat die nuwe onafhanklike Afrika-state ervaar het, beskryf.

*NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag se vereistes te voldoen en die gegewe gedagterigting te volg. Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.*

HOOFASPEKTE

- Inleiding: Kandidate behoort 'n kort beskrywing van die uitdagings wat die nuwe onafhanklike state ervaar het, verskaf.
  Enige ander relevante inleiding.

  UITBREIDING

- Politieke uitdagings (kan enige uitdagings gebruik [administratiewe; etniese; militêre; staatsbestuur, ens.] om hulle standpunt te ondersteun)

- Ekonomiese uitdagings (kan enige uitdagings gebruik [landbou; mynbou; vervaardiging; vervoer; kommunikasie; ens.] om hulle standpunt te ondersteun)

- Maatskaplike uitdagings (kan enige uitdagings gebruik [onderwys; gesondheid; landelike verwaarlosing; ens.] om hulle standpunt te ondersteun)

- Samevatting: Kandidate moet die gedagterigting saamvat deur 'n opsommende opmerking oor die politieke, ekonomiese en maatskaplike uitdagings. **[50]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 2: DIE OPKOMS VAN SOWJET-RUSLAND

### VRAAG 2A

Verduidelik die omstandighede wat Lenin gedwing het om van Oorlogskommunisme na sy Nuwe Ekonomiese Beleid in Rusland gedurende 1917 tot 1924 te verander.

SINOPSIS
Die antwoord moet aandui watter omstandighede Lenin gedwing het om die Nuwe Ekonomiese Beleid in te stel.

*NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag se vereistes te voldoen en die gegewe gedagterigting te volg. Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.*

HOOFASPEKTE

- Inleiding: Die kandidate behoort 'n verband tussen die Burgeroorlog en die beleid van Oorlogskommunisme te maak en aandui hoekom hulle voel die beleid het nie aan die massa gegee wat hulle wou gehad het nie.

UITBREIDING

- 1917 Rewolusie en verandering in ekonomiese beleid
- Evaluering van Oorlogskommunisme (fokus op beide landbou en nywerheid)
- Evaluering van Oorlogskommunisme moet gebruik word om aan te dui hoe dit Lenin gedwing het om die NEB in te stel
- Implementering van NEB (fokus moet toon hoe landbou, nywerheid, besigheid en handle gehelp het om die ekonomie van Rusland te verbeter)
- Samevatting: Kandidaat moet die gedagterigting in die slotparagraaf saamvat en aandui hoe Oorlogskommunisme Lenin gedwing het om die NEB in te stel of enige ander relevante slotopmerking. **[50]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 2B**

Verduidelik hoe Stalin daartoe in staat was om Rusland van 'n agrariese (landbou) na 'n hoogs geïndustrialiseerde staat in die jare 1928 tot 1939 te omvorm.

SINOPSIS

Kandidate moet aandui hoe Rusland omvorm is van 'n agrariese (landbou) na 'n hoogs geïndustrialiseerde staat. Kandidate moet die kenmerke van die Vyfjaarplanne (insluitend beide nywerheid en landbou) tussen 1928 en 1939 gebruik om te toon hoe die omvorming plaasgevind het.

*NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag se vereistes te voldoen en die gegewe gedagterigting te volg. Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.*

HOOFASPEKTE

- Inleiding: Die kandidaat kan kortliks Rusland se vermoë om vanaf 'n agrariese (landbou) na 'n hoogs geïndustrialiseerde staat in die jare 1928 tot 1939 te omvorm, aandui
  Enige ander relevante inleiding.

  UITBREIDING

  Kandidate moet aandui hoe Rusland van 'n agrariese (landbou) na 'n hoogs geïndustrialiseerde staat in die jare 1928 tot 1939 omvorm is onder die volgende bullets:

- Nuwe landboustelsel ingestel – kollektivisering
- Landbouhervorming as gevolg van meganisasie
- Die reaksie op die nuwe landboustelsel kan kortliks aangedui word
- Ontwikkeling van natuurlike hulpbronne in Sowjet-Rusland
- Toenemende tempo in industrialisasie
- Evaluering van die proses van industrialisasie
- Samevatting: Leerder moet die gedagterigting saamvat deur 'n verband te bewerkstellig met Rusland se vermoë om vanaf 'n agrariese (landbou) na 'n hoogs geïndustrialiseerde staat in die jare 1928 tot 1939 te omvorm
  Enige ander relevante slotsom. **[50]**

*Kopiereg voorbehou* 

## VRAAG 3: DIE OPKOMS VAN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA

### VRAAG 3A

Bespreek die oorsake en gevolge van die Wall Street ineenstrorting in die Verenigde State van Amerika in 1929.

SINOPSIS

Die opstel vereis 'n bespreking van die oorsake en gevolge van die Groot Depressie.

*NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag se vereistes te voldoen en die gegewe gedagterigting te volg. Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.*

HOOFASPEKTE

- Inleiding: Die kandidaat kan 'n inleidende bespreking van die oorsake en gevolge van die Wall Street ineenstrorting in 1929 verskaf.
  Enige ander relevante inleiding.

  UITBREIDING

- Oorsake van die Groot Depressie (verskeie relevante faktore moet gebruik word om te toon hoe hulle bygedra het bv. ekonomiese isolasie, te veel fokus op handel en nywerheid (landboukundige agteruitgang/ verwaarlosing, rykdom in die hande van enkele persone, massaproduksie vereis massaverbruik, koop, van veral aandele en goedere op krediet, tariefbeleid, die val van Wall Street, buitelandse aanvraag van goedere, oormatige optimisme)

- Gevolge (relevante voorbeelde van bv.: politiese, maatskaplike, ekonomiese)

- Samevatting: Die slotsom moet na die oorsake en gevolge van die Wall Street ineenstorting verwys of enige ander relevante inleiding. **[50]**

**VRAAG 3B**

Beskryf hoe Roosevelt se Nuwe Bedeling die Verenigde State van Amerika gered het van die uitwerking van die Groot Depressie.

SINOPSIS

Daar word van kandidate verwag om te verduidelik hoe die maatreëls wat deur Roosevelt se Nuwe Bedeling ingestel is, gepoog het om die gevolge van die Groot Depressie te oorkom.

*NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag se vereistes te voldoen en die gegewe gedagterigting te volg. Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.*

HOOFASPEKTE

- Inleiding: Die kandidate moet aandui hoe die Nuwe Bedeling die VSA gered het van die uitwerking van die Groot Depressie of enige ander relevante inleiding.

  UITBREIDING

  Die volgende aspekte rakende die Nuwe Bedeling moet gebruik word om te verduidelik hoe die Nuwe Bedeling die gevolge van die Groot Depressie kon oorkom.

- Verligtingsmaatreëls d.i. Civilian Conservation Corps (massa-werkskepping), Public Works Administration/ Civil Works Administration/ Works Progress Administration (massa-werkskepping), Home Owners' Loan Corporation (lenings aan huiseienaars), Tennessee Valley Authority (massa-indiensneming)

- Herstelmaatreëls d.i. Agricultural Adjustment Act (beplan voedselproduksie en gewaarborgde voedselpryse)

- Hervormingsmaatreëls d.i.National Recovery Administration/ Wagner Act (arbeidswetgewing), Social Security Act (welsynstelsel)

- Samevatting: Die kandidate moet saamvat deur aan te dui hoe die Nuwe Bedeling die uitwerking van die Groot Depressie kon oorkom.
  Enige ander relevante slot is aanvaarbaar. **[50]**

**AFDELING B: BRONGEBASEERDE VRAE**

## DIE NASIEN VAN BRONGEBASEERDE VRAE

- By die nasien van alle brongebaseerde vrae moet krediet toegeken word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde.
- By die toekenning van punte moet seker gemaak word of daar aan die vereistes van die vraag voldoen is of nie.
- In hierdie riglyne vir nasien word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van vraagstelling aangedui in kursiefgedrukte skrif.

## VLAKKE VAN BRONGEBASEERDE VRAAGSTELLING

| | |
|---|---|
| **VLAK 1 (V 1)** | Seleksie/ onttrekking van inligting uit bronne. |
| **VLAK 2 (V 2)** | Eenvoudige interpretasies deur gebruik te maak van een bron en breëre kennis om bewys te lewer van begrip oor die periode/ onderwerp/ saak. |
| **VLAK 3 (V 3)** | Eenvoudige interpretasies deur gebruik te maak van meer as een bron en breëre kennis om bewys te lewer van begrip oor die periode/ onderwerp/ saak. |
| **VLAK 4 (V 4)** | Komplekse interpretasies wat dikwels meer as een bron behels. Hierdie vrae konsentreer op aspekte soos bevooroordeeldheid, betroubaarheid, die gebruik van organiseringsbegrippe (ooreenkoms en verskil, oorsaak en gevolg, chronologie; verandering en kontinuïteit) om kontraste, vergelykings en verskillende standpunte te verduidelik en as 'n finale stap om hierdie insigte aan te wend om 'n paragraaf te skryf of, met ander woorde, om 'n stukkie geskiedenis te skryf wat gebaseer is op bewyse uit die bronne. |

**VRAAG 4: AFRIKA IN DIE TWINTIGSTE EEU**

**4.1 WAT WAS DIE OMSTANDIGHEDE WAT TOT DIE VORMING VAN DIE ORGANISASIE VAN AFRIKA-EENHEID (OAE) GELEI HET?**

4.1.1 a) *[Onttrek bewyse en interpretasie uit Bron 4A – V2]*

- Leiers het oontmoet om gemeenskaplike probleme te bespreek
- Om gemeenskaplike beleid oor politieke, ekonomiese, kulturele En maatskaplike sake op te stel (2 x 2)

b) *[Onttrek bewyse uit Bron 4A – V1]*

- All African People's Organisation (AAPO) is gestig
- Vra vir die bevryding van die hele Afrika en stappe om uiteindelik 'n Gemenebes van Vry Afrika-State te vorm
- Kanaal waardeur ou idees van Pan-Afrikaanse eenheid kan moontlik Kan ontwikkel (3 x 2)

4.1.2 a) *[Onttrek bewyse en interpretasie uit Bron 4B – V2]*

- Was ten gunste daarvan om vir eenheid te werk (1 x 2)

b) *[Onttrek bewyse en interpretasie uit Bron 4B – V2]*

- Te swak om die Casablanca- en Monrovia-groep te stop (1 x 2)

4.1.3 *[Komplekse interpretasie – V3]*

- Beide bronne toon die strewe na 'n behoud van Afrika-eenheid (1 x 3)

**(17)**

**4.2 HOE SUKSESVOL WAS DIE ORGANISASIE VAN AFRIKA-EENHEID (OAE) IN DIE BEREIKING VAN SY DOELSTELLINGS?**

4.2.1 (a) *[Onttrek bewyse uit Bron 4C – V1]*

- verskaf rede vir Afrika-leiers om te ontmoet
- Het sub-streekorganisasies en VN-agentskappe gesponser
- Probeer om inter-staatgeskille op te los
- Bevrydingskomitee het lande gehelp om kolonialisme te beëindig (enige 3 x 1)

(b) *[Interpretasie uit Bron 4C – V2]*

- OAE se moeilik bestuurbare struktuur
- Onsekere finansiële basis
- Gebrek aan ondersteuning
- Kan nie ekonomiese planne uitvoer nie
- Oormatige focus op politiek (enige 4 x 1)

Kopiereg voorbehou 

4.2.2 *[Interpretasie uit Bron 4D – V2]*
- Suksesvol – bewerkstellig skietstilstand
- Vredesooreenkoms bereik
- Beide kante is bereid om tot ekonomiese ontwikkeling saam te werk (2 x 2)

4.2.3 *[Interpretasie uit Bron 4E – V2]*
- Politieke unifikasie van Afrika in een groot staat – Verenigde State van Afrika (1 x 3)

4.2.4 *[Eenvoudige interpretasies deur twee bronne te gebruik – V3]*
- Beide bronne dui aan dat die OAE onsuksesvol was om geskille op te los
- Beide bronne toon dat lede dikwels met mekaar gebots het (2 x 3)

4.2.5 *[Interpretasie uit Bron 4G – V2]*
- Lede is nie sterk genoeg om verbetering te bevorder nie
- Lede is traag om hulp van buite te kry omdat hulle beheer sal bedreig word (1 x 3)

4.2.6 *[onttrek bewyse uit al die bronne, maak komplekse interpretasies om sodoende 'n uitgebreide skryfstuk te skryf (paragraaf) – V 4]*

**Gebruik die holistiese matriks hieronder en die volgende om 'n punt toe te ken.**

Die paragraaf moet gebaseer wees op die bewyse van beide bronne en behoort te fokus op of die OAE suksesvol was of nie:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Kan nie bewyse onttrek nie<br>• Of onttrek bewyse uit bronne op 'n baie elementêre wyse.<br>• Of kan nie oor onderwerp skryf nie<br>• Gebruik bewyse in 'n mate om 'n paragraaf te skryf . | **Punte: 0 – 3** |
| **VLAK 2** | • Onttrek bewyse uit bronne wat meestal relevant is<br>• Onttrekte bewyse hou in 'n groot mate verband met die onderwerp<br>• Gebruik bewyse uit bronne op 'n baie basiese wyse. | **Punte: 4 – 7** |
| **VLAK 3** | • Onttrek relevante bewyse uit bronne<br>• Onttrekte bewyse hou baie goed met die onderwerp verband<br>• Gebruik bewyse uit bronne baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf<br>• Paragraaf toon 'n begrip van die onderwerp | **Punte: 8 – 10** |

(10)
**(33)**
**[50]**

*Kopiereg voorbehou*

## VRAAG 5: OMSTANDIGHEDE WAT TOT DIE TWEEDE WÊRELDOORLOG GELEI HET

### 5.1 HOE IS JODE ONDER DIE NAZI-REGERING INGEPERK?

5.1.1 *[Onttrekking – V1].*
- Jode (1)

5.1.2 *[Interpretation - L2]*
- Jode was die vyande van die Duitsers
- Duitsers aangemoedig om Jode te haat
- Om Duitse bloed suiwer te hou (enige 2 x 2)

5.1.3 *[Interpretasie - V2]*
- Jode is beboet
- Joodse kinders nie toegelaat tot skool nie
- Joodse winkels en sinagoges is afgebrand of verwoes (enige 2 x 2)

5.1.4 *[Onttrekking – V 1]*
- Slawe-arbeid
- Jode moes hulle eie graf grawe
- Jode is doodgeskiet
- Gedwing om in ghetto te leef (enige 3 x 1)

*5.1.5 [Interpretasie - V2]*
- Uitkenning van die Jode (1 x 2)

5.1.6 *[Onttrek bewyse uit al die bronne, maak komplekse interpretasies om sodoende 'n uitgebreide skryfstuk te skryf (paragraaf) – V4]*

**Gebruik die holistiese matriks hieronder en die volgende om 'n punt toe te ken.**

Die paragraaf moet op al die bewyse van al die bronne gebaseer wees En moet op die beperkings wat op die Jode in Nazi-Duitsland afgedwing is bv.:

- Joodsekinders nie toegelaat tot skool nie
- Jode is beboet
- Aandklokreë vir Jode
- Joodse eiendom gekonfiskeer
- Joodse rantsoene verminder
- Jode nie toegelaat om openbare vervoer te gebruik nie
- Jode moet geel ster dra

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Kan nie bewyse onttrek nie<br>• Of onttrek bewyse uit bronne op 'n baie elementêre wyse.<br>• Of kan nie oor onderwerp skryf nie<br>• Gebruik bewyse in 'n mate om 'n paragraaf te skryf . | **Punte: 0 – 3** |
| **VLAK 2** | • Onttrek bewyse uit bronne wat meestal relevant is<br>• Onttrekte bewyse hou in 'n groot mate verband met die onderwerp<br>• Gebruik bewyse uit bronne op 'n baie basiese wyse. | **Punte: 4 – 7** |
| **VLAK 3** | • Onttrek relevante bewyse uit bronne<br>• Onttrekte bewyse hou baie goed met die onderwerp verband<br>• Gebruik bewyse uit bronne baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf<br>• Paragraaf toon 'n begrip van die onderwerp | **Punte: 8 – 12** |

(12)
**(26)**

*Kopiereg voorbehou* 

## 5.2 WAT WAS DIE STRUIKELBLOKKE WAT DIE JODE IN DIE WARSCHAU-GHETTO IN DIE GESIG GESTAAR HET?

5.2.1 (a) *[Onttrekking – V 1]*

- Wit band met 'n blou ster (1)

(b) *[Interpretasie - V2]*

- Om uit te ken/ diskrimineer teen Jode (1 x 2)

(c) *[Interpretasie - V2]*

- Onmenslike behandeling van Jode
- Geen respek vir Jode
- Enige ander respons (1 x 2)

5.2.2 *[Interpretasie - V2]*

- Simbool van Joodse geloof (1 x 2)

5.2.3 *[Interpretasie - V2]*

- Joodse kinders het kos nodig en was moeilik vir hulle om dit openlik te kryt (1 x 2)

5.2.4 (a) *[Interpretasie - V3]*

- Honger
- Koud
- Siektes
- Geskiet (enige 2 x 2)

*(b) [Onttrek en vergelyk bewyse uit beide bronne om ooreenkomste te bepaal – V4]*

- Beide bronne dui aan dat Jode gelei het
- Jode het nie genoeg kos gehad nie
- Jode sterf van honger
- Jode is dood gemaak

(enige 2 x 2)

Kopiereg voorbehou

5.2.5 *[Onttrek bewyse uit al die bronne en maak komplekse interpretasies – V3]*

**Gebruik die holistiese matriks hieronder en die volgende om 'n punt toe te ken.**

- Geen kos
- Geen klere
- Teen Jode gediskrimineer
- Oorvol samedromming
- Ly as gevolg van siektes
- Na slawekampe gestuur
- Jode is geskiet

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Kan nie bewyse onttrek nie<br>• Of onttrek bewyse uit bronne op 'n baie elementêre wyse.<br>• Of kan nie oor onderwerp skryf nie<br>• Gebruik bewyse in 'n mate om 'n paragraaf te skryf . | **Punte: 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Onttrek bewyse uit bronne wat meestal relevant is<br>• Onttrekte bewyse hou in 'n groot mate verband met die onderwerp<br>• Gebruik bewyse uit bronne op 'n baie basiese wyse. | **Punte: 3 – 4** |
| **VLAK 3** | • Onttrek relevante bewyse uit bronne<br>• Onttrekte bewyse hou baie goed met die onderwerp verband<br>• Gebruik bewyse uit bronne baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf<br>• Paragraaf toon 'n begrip van die onderwerp | **Punte: 5 – 7** |

(7)
**(24)**
**(50)**

## VRAAG 6: INTERNASIONALE VERHOUDINGE EN GEBEURTENISSE 1945 - 1970: DIE KOUE OORLOG

### 6.1 HOE HET DIE BOU VAN DIE BERLYNSE MUUR DIE MENSE VAN BERLYN BEÏNVLOED?

6.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit bronne - V1 ]*

- Doringdraad-omheining
- Beton mure
- Beton padblokke
- Beton anti-voertuigslote
- Mynvelde
- Gepantserde tenks
- Gewapende grenswagte
- Trokke wat tuinslange en traangas vervoer het
- Oop grondgebied waar 'n ontsnapper maklik raakgesien kan word (enige 6 x 1)

6.1.2 (a) *[Onttrekking van bewyse uit Bron 6A - V1]*

- Oos-Duitse regering
- Ondersteun deur die USSR (2 x 1)

(b) *[Interpretasie van bewyse uit Bron 6B – V2]*

- Glo dat buitelandse agentskappe maklik toegang het tot Oos-Duitsland en op hulle spioeneer
- Sabotasie, opstande en demonstrasies aanwakker (2 x 2)

(c) *[Onttrekking van bewyse uit Bron 6A - V1]*

- Swem deur kanale
- Kruip in nag deur draadheinings (2 x 1)

(d) *[Verduidelik in watter mate die pogings suksesvol was – V2]*

- Nie baie suksesvol nie
- Omdat slegs 'n paar honderd ontsnap het
- Soos die grens daagliks meer uitgebrei is (enige 2 x 2)

6.1.3 (a) *[Interpretasie van bewyse uit Bron 6C - V1]*

- Berlyn is deur kommunistiese state omring (2 x 1)

(b) *[Onttrekking van bewyse uit Bron 6D - V1]*

- **Stem saam**
  – Demokratiese lande plaas nie beperkings op mense nie; mense het hulle vryheid

of

- **Stem nie saam nie**
  - Mense misbruik demokrasie (2 x 2)

6.1.4 *[Gebruik bewyse en eie kennis om 'n keuse te maak en motiveer die keuse op die vermoë om* situasie/gebeurtenis/kwessie *van die perspektief van mense uit die verlede (empatie) – V4]*

Kandidate kan kies of hulle die gevoel van of 'n bouer of 'n soldaat Wil weergee. Hulle seining en eie kennis behoort ondersteun te word Met behulp van relevante inligting uit die bronne.

**Gebruik die holistiese matriks hieronder en die volgende om 'n punt toe te ken.**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Het nie 'n keuse gemaak nie of maak 'n keuse<br>• maar het nie die keuse op so 'n wyse gemotiveer dat dit verband hou met die bewyse in die bronne nie<br>• of 'n begrip toon van die situasie/gebeurtenis/kwessie nie | **Punte: 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • 'n Relevante standpunt is gekies<br>• Geldige redes vir die keuse is verskaf<br>• Die motivering en die gebruik van bewyse uit die bronne toon in 'n mate 'n begrip van die situasie/gebeurtenis/kwessie<br>• Toon 'n bewustheid van 'n sekere houding of seining wat tipies van 'n sekere periode of plek was | **Punte: 3 – 4** |
| **VLAK 3** | • n Relevante standpunt is gekies<br>• Logiese, duidelike en geldige redes is vir die keuse verskaf<br>• Die motivering toon 'n goeie begrip van die situasie/ gebeurtenis/kwessie<br>• Bewyse uit bronne ook effektief gebruik om 'n begrip van die reeks van houdings wat tipies was van 'n sekere periode of plek | **Punte: 5 - 6** |

(6)

6.1.5 *[Interpretasie van bewyse deur Bron 6F te gebruik – V2]*
- Daar was egalige stroom oorlopers tot 1961
- 15 000 tot 25 000 mense het jaarliks oorgeloop na die Weste
- In 1953 het meer as 30 000 mense oorgeloop na die Weste.
- Enige ander relevante opmerking (enige 2 x 2)

6.1.6 *[Interpretasie van bewyse deur Bron 6F te gebruik – V2]*
- As gevolg van sekuriteit
- Draadomheining
- Beton mure
- Beton anti-voertuigslote
- Mynvelde en stukke oop grondaan die Oos-Berlyn kant van die grens (enige 2 x 2)

6.1.7 *[Gebruik bewyse uit verskillende bronne en eie kennis om 'n uitgebreide skryfstuk te skryf (in 'n georganiseerde paragraaf) – V4]*

Kandidate moet die bewyse uit die bronne en eie kennis gebruik om die uitwerking wat die bou van die Berlynse Muur gehad het op:

- Mense van Wes- en Oos-Berlyn
- Verhoudings tussen Wes- en Oos-Berlyn
- Koue Oorlog
- Verhoudings tussen Weste en Ooste / VSA en Rusland

**Gebruik die holistiese matriks hieronder en die volgende om 'n punt toe te ken.**

| | | |
|---|---|---|
| VLAK 1 | • Kan nie bewyse onttrek nie<br>• Of onttrek bewyse uit bronne op 'n baie elementêre wyse<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik o moor onderwerp verslag te doen<br>• Of kan nie oor onderwerp verslag doen nie | **Punte: 0 – 4** |
| VLAK 2 | • Onttrek bewyse uit bronne wat meestal relevant is<br>• Onttrekte bewyse hou in 'n groot mate verband met die onderwerp<br>• Gebruik bewyse uit bronne op 'n baie basiese wyse. | **Punte: 5 – 8** |
| VLAK 3 | • Onttrek relevante bewyse uit bronne wat baie goed met die onderwerp verband hou<br>• Gebruik bewyse uit bronne baie effektief en in hulle historiese konteks<br>• Dit is in 'n paragraaf georganiseerd wat 'n goeie begrip van die onderwerp toon | **Punte: 9 –12** |

(12)
**(50)**

**[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou